## 8 April 2023 - Lesing 5 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

### Die ware Arts vir die siel

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**No: 6778** Alle siekes benodig genesende medisyne, as hy wil herstel en sy liggaam weer fris en kragtig wil laat word om sy pligte op aarde te kan nakom. En so ook het die siek siel behoefte aan "heilsame medisyne" wat haar sal help om kragtig te word, asook om die taak te kan nakom wat haar vir die aardse lewe voorbehou is. Sy is siek en swak wanneer sy die lewe as mens begin en het 'n weg omhoog voor haar waarvoor sy krag nodig sal hê.

Daarom moet daar dus genesing vir haar gebring word, sy moet haarself aan 'n dokter en helper toevertrou wat haar siekte ken, wat haar nou die regte medisyne kan toedien waardeur sy weer gesond kan word. Sy moet kragtige voedsel gebruik om ook in krag toe te neem om sodoende die klim omhoog te kan aflê. En daar bestaan maar net een Dokter wat haar waarlik kan help, Wie al haar lyding en swakhede ken en Wie vir alles die korrekte medisyne gereed hou: **JaHshua die Messias**, die Heiland en Verlosser van sonde en dood.

En daar bestaan 'n genesende voedsel, wat Hy aan die sieke siel gee: **Sy Woord** wat alleenlik die siel verplaas na die toestand waar sy nou vol krag die weg omhoog kan gaan, wat haar die doel laat bereik ten behoewe waarvan sy haarself op aarde kom beliggaam het. Want die Woord is die brood wat uit die hemel kom, wat die Goddelike Liefde uitdeel met seënende hand, wat waarlik elke sieke siel gesond laat word, wanneer dit met dank uit die hand van JaHshua die Messias, van die Skepper en Vader van ewigheid aangeneem word, wanneer die siel haarself daarmee laaf, wanneer sy in waarheid eet en drink van die 'vlees' en 'bloed', die Woord, wat as 'n stroom van Elohim se genade onophoudelik stroom en vir iedereen toeganklik is wat honger en dors ly, wat siek en swak is en brood en wyn nodig het om weer kragtig te word.

Sy Woord is die **ware medisyne** vir die siek siel en is die **bron van krag** vir die gesonde, - maar nog swakke siel, want hoe ookal die siel van die mens op aarde geaard is, - **sy het voortdurend spys en drank nodig**, sy sal nooit voedsel kan oorslaan nie, omdat sy heeltemal ryp moet word in die lewe op aarde en altyd behoefte sal hê aan die krag wat haar slegs deur die woord van God kan toestroom. En as 'n mens van sy swakheid bewus is, besef hy dat sy siel nog siek is en 'n arts nodig het, dan sal hy homself ook tot die EEN wend Wie hom 'n vaste waarborg kan gee dat hy gehelp kan word. Hy sal homself aan JaHshua die Messias toevertrou en om genesing vra, hy sal sy swakheid en gebrekkigheid aan Hom beken en by Hom aansluit, want hy weet dat hy by Hom steun sal vind, dat JaHshua die Messias as arts vir die siel ook bereid sal wees om hom te gee wat sy siel nodig het. Hy weet dat Sy genesende hand Haarself maar net hoef uit te strek, sodat sy gesond kan word en dat Hy haar ook voortaan die regte voedsel sal gee. En sy sal Sy Woord in ontvangs neem, sy sal steeds weer krag put uit Sy Woord en spoedig ook die werking van die Goddelike Woord in haarself ondervind. Want 'n Goddelike gawe bly nie sonder uitwerking nie.

Maar wie die siekte van sy siel nie besef nie, die gee haar ook nie die regte medisyne nie en sy sal swak en ellendig bly en sy sal nie omhoog kan klim nie en tewens ook geen voedsel hê nie, want die ware voedsel vir die siel **is alleen die Woord van God**. En so kan dit gebeur dat 'n siel by die beëindiging van haar lewe op aarde nog presies so arm en swak is as wat sy die aarde betree het. Want sy kan wel behoeftig en ten volle kragteloos wees, maar sy kan nie vergaan nie. En in hierdie toestand moet sy nou ook die geestelike ryk betree, waar sy haar ontoereikendheid bitter sal ervaar.

Maar steeds wend die Heiland van die siekes en swakkes Homself tot die mense, steeds weer bied Hy Homself aan om hulle te help gesond word, steeds weer laat Hy die stroom van krag na die aarde vloei waaraan alle siele krag vir hulself kan gaan haal.

En waarlik, van elke siel wat haarself aan die Redder en Heiland JaHshua die Messias toevertrou, word die siekte en swakheid weggeneem. En die berou van diegene wat by Hom verbygegaan het en nooit aanspraak gemaak het op Sy doktershulp nie, sal baie berouvol wees, want sy sal siek en swak bly en dus ook so die ryk hierna binnegaan. Amein.

### Aanmaning om nie te verslap met die arbeid in die wingerd nie – 9/3/57

6779 Die mensdom het voortdurend 'n oproep nodig om wakker te word, want steeds weer val hulle terug in die doodse slaap waaruit hulle egter moet ontwaak tot die lewe, om nog ywerig aan hulle siele te kan werk. En daarom verg dit ook voortdurende arbeid van My knegte om die mense steeds weer wakker te skud en aan hulle die betekenis van hulle lewe op aarde voor die gees te stel en hulle aan te spoor om hulself aan die werk te kry, wat daarom dringend is, omdat daar nie meer veel tyd vir hul ter beskikking staan nie. Geeneen van My arbeiders in die wingerd mag glo dat hy genoeg gedoen het wanneer hy 'n keer sy oproep om wakker te word laat weerklink nie. Hy moet steeds opnuut probeer om die slaap van hulle te verjaag wat hulle gevange hou en waaraan hulle hulself moeilik kan onttrek.

Ek weet goed dat julle steeds mislukkings het om te verwerk, tog moet julle nie moedeloos word nie, want dit is die voorbereidende werk wat julle verrig, sodat hulle sal weet waarom dit gebeur het dat Ek hulle met 'n donderstem uit hulle rus opjaag, wanneer hulle nie voorheen ontwaak het nie en hulself nie gerig het op die vernaamste arbeid, nie, naamlik om hulself te

verander beantwoordend aan My Wil.

Die mense moet nie in ‘n diepe (geestelike) slaap verras word nie en daarom sal julle vooraf steeds weer die oproep om wakker te word, laat weerklink, julle sal hulle op die komende gebeurtenisse moet wys, julle moet hulle voor die Gees stel dat hulle hul rus nie lank meer sal kan geniet nie, dat hulle met geweld wakker geskud sal word, as hulle julle nie aanhoor en aan julle woorde geen gevolg gee nie; Maar julle sal hulle nie met rus mag laat nie. Want hulle is in ‘n baie benarde posisie, hulle verloor steeds meer aan krag, omdat hulle aardse lewe spoedig beëindig sal word en hulle daarom ook hulle lewenskrag sal kwytraak wat hulle nou nog besit en hulle dus ook werksaam sou kan wees, wanneer hulle dit sou wil. Maar die wil lê braak, solank hulle hulself slapend dood hou, solank hulle geen enkele geestelike lewe nastreef en hulle lewenskrag nie benut om geestelike goedere te verwerf nie. En die hele mensdom is al in ‘n toestand van verstarring, slegs weiniges gee aan die wekroep gehoor en begeer om te lewe. Maar hulle moet aan hulle medemens dink en hulle help om ook die weg na die lewe te vind.

En daarom kan julle ook nie ophou om dit aan hulle te verkondig wat Ek julle opdra nie, naamlik dat Ek oor ‘n kort tydjie My Stem luid en duidelik hoorbaar sal laat weerklink; want hierdie dag kom steeds nader en dit sal **die begin wees van die einde**. Want hy gaan die laaste tyd soos ‘n skaduwee vooraf.

Maar die einde beteken ‘n eindelose lang nag waaruit daar nie meer so ‘n ontwaking kan ontstaan soos wat dit nou nog moontlik is deur My Stem nie, wat wel buitengewoon luid en verskriklik sal weerklink en daarom mense nog steeds kan laat ontwaak. En dan kan nog enkeles met vergrote ywer hulself wy aan hulle werksaamheid en hulself ernstig voorberei op die **kort daaropvolgende einde**. Maar dan breek die nag onherroeplik aan oor alle mense wat die wekroep nie wil hoor nie. Dan versink hulle waarlik in ‘n doodse slaap waaruit daar vir ‘n eindelose lang tyd geen ontwaking meer sal wees nie.

Daaraan sal julle, wat as My knegte julle dienste vir My aangebied het, moet dink dat julle julle medemens dikwels genoeg gewaarsku het van dit wat voor die deur staan; want elke siel wat julle wekroep opvolg, sal julle ewig dank dat julle haar behoed het teen die eindelose lange nag. Die mense weet nie in welke nood hulle hulself bevind nie en hulle wil ook geen geloof aan julle teregwysings skenk nie. Maar My laaste ingryping kan hulle tog nog tot besinning bring wanneer hulle besef dat julle woorde die waarheid was, wat dan by hulle weer in herinnering sal terugkeer en nie meer sonder indruk sal bly nie.

Laat daarom geen geleentheid verbygaan nie; vrees nie die spot of die onwilligheid van julle medemens nie, dink steeds daaraan dat julle al in die lig van die dag staan en dat julle die duisternis nie meer hoef te vrees nie, wat daar ookal mag kom, maar dat diesulkes ‘n onuitspreeklike kwellende lot te wagte staan, wanneer dit nie sal slaag om hulle ook uit hulle doodse slaap wakker te skud nie. Liefde en medelye moet julle beweeg om steeds weer in My Naam te spreek, maar julle moet nooit glo dat julle al genoeg gedoen het nie, want solank as wat hierdie aarde nog bestaan, sal daar ook nog om die siele geworstel moet word, dat hulle nie aan die mag van My teenstander ten gronde gaan nie. Amein.